Run Feedback Brakkeduine

My eerste ondervinding van Brakkeduine het ek as co-driver mee gemaak, ek dink nie daar is n 4x4 eienaar braaf genoeg om my agter die stuur te sit nie!

Oupa Hans voorsien die voertuig en kennis en ek die kos en my babbelbek.

Daar gekom koop ek n stuk grond – gelukkig voor al die ander mense daar aankom – ek is gewoond daaraan om IN 'n gat te val met die 4x4 en nie my gat AF te val nie.

Nou moenie vir my vra watter duin se naam is wat nie, hulle almal lyk vir my sanderig…en kyk as Ann daar doer bo van die duin af vir jou skree "Zelma Safety Belt" dan worry jy bitter vinnig, en gryp waar jy kan en skop vas waar jy kan….nog iets wat ek baie vinnig geleer het – maak nie saak hoe warm dit is nie draai maar daai venstertjie toe…'n mond vol sand gaan nie so lekker af met 'n frikkadel nie!

Geen insidente nie - wel dit is nou todat ons besluit het ons draai nou om en gaan terug huis toe…. Ons weet nou al die recovery toerusting op Oupa Hans se bakkie werk, en goed ook! Ek weet bv. as ek ooit in die veld 'n slang sien roep ek heel eerste vir Braddon en Pierre – moet iets uit te waai wees met die lengte dat daai manne so vinnig kan hardloop en op 'n 4x4 se step klim dat mens nie omval nie….dankie manne!

Maar ons almal, en nee ek gaan g'n niks se name hier weggee oor wie vasgesit het en wie vir wie moes uitwinch en uitsleep nie…wag wag julle weet reeds te veel. What happens on a run stays on a run.

Toe ons nou uit eindelik al laggend by die kamp kom, is die ander manne al terug by die kamp…stomgeslaan om ons lot weer te sien.

'n Roete wat ek graag weer sal wil aanpak!

Groetnis

Zelma